



VAK EN GRAAD	Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 12
KW 2	Week 1
ONDERWERP	Taalstrukture: Lydende en Bedrywende Vorm
DOEL VAN DIE LES	Hersiening van die Lydende en Bedrywende Vorm
INLEIDING	<p>Julle het in vorige grade oor die Lydende en Bedrywende Vorm (Active and Passive Voice) geleer asook waarom dit belangrik is om te weet hoe sinne geformuleer word. Julle skryfvaardighede sal verbeter indien julle weet hoe om julle kennis hieroor aan te wend. Dis belangrik om te weet dat ons aspekte kan beklemtoon as ons die voorwerp voor plaas. Dit help ons met effektiewe kommunikasie en kreatiewe skryfprosesse.</p>
KONSEPTE EN VAARDIGHEDE	<p>In hierdie les gaan ons weer in detail die Lydende en Bedrywende Vorm verduidelik.</p> <p>Die Bedrywende Vorm beklemtoon die onderwerp (wat die aksie uitvoer). Onderwerp = subject Kyk na die volgende voorbeeld: Rosemary pluk die blom. (Die fokus is op Rosemary.) Ons wil dan die persoon beklemtoon wat die aksie uitvoer (the subject). Rosemary is die onderwerp.</p> <p>Die Lydende Vorm beklemtoon die voorwerp (waarop die aksie uitgevoer word). Die blom word deur Rosemary gepluk. Ons beklemtoon nou die voorwerp. Die blom is die voorwerp.</p> <p>Wenk: Die onderwerp staan nie altyd eerste in die sin nie. Om uit te vind wat die onderwerp is, vra ons dus: Wie/ wat + ww. Wie pluk? Wie eet? Wie lees?</p> <p>Die handeling word op die voorwerp uitgevoer: Ons vra dus ww + wat? Pluk wat? Eet wat? Lees wat? Die antwoord is die voorwerp.</p> <p>Dieselfde inhoud word net anders gestel, maar beteken presies dieselfde. Dis net die onderwerp en voorwerp wat plekke omruil. Rosemary (die onderwerp) skuif agtertoe en die blom (voorwerp) skuif vorentoe.</p>

Let op hoe **sinne verander** as dit in die **teenwoordige, verlede en toekomstige tyd** gestel word.

Kyk na die onderstaande tabel. Let op hoe die sinne verander.

	Teenwoordige tyd	Verlede tyd	Toekomstige tyd
Bedrywende Vorm (Active voice)	Rosemary pluk die blom.	Rosemary het die blom gepluk.	Rosemary sal die blom pluk.
Lydende Vorm (Passive Voice)	Die blom word deur Rosemary gepluk .	Die blom is deur Rosemary gepluk .	Die blom sal deur Rosemary gepluk word .
Wenke (Hints)	In die teenwoordige tyd word die werkwoord as volg geskryf: word deur + ge...	In die verlede tyd word die werkwoord as volg geskryf: is deur + ge...	In die toekomstige tyd word die werkwoord as volg geskryf: sal deur + ge...

Wenk: Onthou om die hoofwerkwoord (“*main verb*”) aan die einde van die sin te skryf.

Behou die hulpwerkwoord wat in die oorspronklike sin voorkom.

Voorbeelde: Rosemary **kan** die blom pluk. Die blom **kan** deur Rosemary gepluk word.

Rosemary **moet** die blom pluk. Die blom **moet** deur Rosemary gepluk word.

Die **bywoord/ bywoordelike bepaling** van tyd kom voor “**deur**”. Die **bywoord of bywoordelike bepaling van tyd** beantwoord die vraag: **Wanneer** is die **aksie uitgevoer**? **Wanneer word of is** die blom **gepluk**? Die **bywoord of bywoordelike bepaling** “vertel” ons dus meer van die **werkwoord**.

Voorbeelde: Die blom is **gister** (bywoord/"adverb") deur Rosemary gepluk.

Die blom is **gedurende die nag** (bywoordelike bepaling/"adverbial phrase") deur Rosemary gepluk.

Gaan weer jou aantekeninge oor bywoorde of bywoordelike bepalinge na.

VRAAGSINNE IN DIE LYDENDE VORM

Begin met die werkwoorde indien die oorspronklike sin met die werkwoord begin.

Voorbeeld

Bedrywende Vorm: **Het** Rosemary die blom gepluk?

Lydende Vorm: **Is** die blom deur Rosemary gepluk? Die voorwerp (die blom) kom steeds voor die onderwerp (Rosemary).

Die woorde wat **tyd (is/word/sal) aandui**, staan **eerste**.

Vraende voornaamwoorde: Begin daarmee in die Lydende Vorm indien die oorspronklike sin daarmee begin.

Voorbeeld

Bedrywende Vorm: **Hoekom** (vraende voornaamwoord) **het** Rosemary die blom gepluk? (verlede tyd = past tense)

Lydende Vorm: **Hoekom** (vraende voornaamwoord) **is** die blom deur Rosemary gepluk? (weer in die verlede tyd)

Bedrywende Vorm: **Hoekom pluk** Rosemary die blom? (teenwoordige tyd)

Lydende Vorm: **Hoekom word** die blom deur Rosemary gepluk? (weer in teenwoordige tyd)

Tyd word behou. Dit beteken as die sin in die verlede tyd is, word dit in die **verlede tyd** in die Lydende Vorm **geskryf**.

VRAAGSIN WAT MET **WIE** BEGIN

Wie het die blom gepluk?

Deur wie **is** die blom gepluk?

Wie sal die blom pluk?

Deur wie sal die blom gepluk **word**?

	<p style="text-align: center;">BEVELSINNE (COMMANDS) IN DIE LYDENDE VORM</p> <p>Pluk die blom! (Die onderwerp is nie in die sin nie.) Bogenoemde sin is 'n bevel. Die sin verander as volg: Lydende vorm: Die blom moet gepluk word.</p> <p>Woorde wat met be-, her-, ont- en ver- begin, kry nie ge- as voorvoegsel nie. Voorvoegsels (prefixes) word vooraan die stam gevoeg.</p> <p>Voorbeelde van woorde wat met be-, her-, ont-, er-, mis-, ge-, in en ver- begin: begin, herhaal, ontken, erken, mishandel, geniet, inteken, vergeet</p> <p>Voorbeeldsin: (Bedrywende vorm) Herhaal die sin! Antwoord in die Lydende Vorm: Die sin moet herhaal word.</p> <p>Voorbeeldvrae uit vorige NSS-vraestelle: Skryf die sin in die LYDENDE VORM Die leerders het die prente ingekleur. (Nov.2017) (1 punt)</p> <p>Skryf die sin in die LYDENDE VORM Die Vleispastei verkoop net die beste vleis. (Nov.2019) (1 punt)</p> <p>Voordat jy vrae beantwoord, bepaal eers watter tyd die sin aandui. Die eerste sin is in die verlede tyd. So...het verander na is + deur... Die voorwerp word nou eerste geskryf. Die antwoord is dus: Prente is deur die leerders ingekleur. Die woord ingekleur kan nie as geingekleur geskryf word nie. Dit klink selfs verkeerd. Die woord ingekleur begin met in. Onthou die reël.</p> <p>Die tweede sin is in die teenwoordige tyd. Die antwoord is dus: Net die beste vleis word deur die Vleispastei verkoop. Onthou die reël: Woorde wat met in- en ver- begin, kry nie 'n ge- as voorvoegsel nie.</p> <p>Indien die sin nie 'n voorwerp het nie, begin ons met Daar.</p>
AKTIWITEITE/ASSESSERING	<p>Pas nou jou kennis toe wanneer jy die volgende aktiwiteit doen.</p> <p>Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM:</p>

	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die koronavirus het baie mense ingeperk ("<i>restricted people's movement</i>"). 2. Baie mense het erken dat die virus hulle vreesbevange ("<i>scared</i>") gemaak het. <p>Skryf die volgende sin in die BEDRYWENDE VORM:</p> <ol style="list-style-type: none"> 3. Twee maskers ("<i>masks</i>") is deur hom gekoop. 4. Handreinigers ("<i>hand sanitisers</i>") word deurgaans deur haar gebruik. <p>Antwoorde:</p> <p>BEDRYWENDE VORM na LYDENDE VORM</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Baie mense is deur die koronavirus ingeperk. NB: (in- kry nie ge- voor nie; het verander na is.) 2. Daar is deur baie mense erken dat die virus hulle vreesbevange gemaak het. <p>LYDENDE VORM na BEDRYWENDE VORM</p> <ol style="list-style-type: none"> 3. Hy het twee maskers gekoop. (Hom verander na hy.) 4. Sy gebruik deurgaans handreinigers. (Haar verander na sy.) <p>Tipiese foute wat kandidate begaan:</p> <p>Tye is foutief. (Sinne wat byvoorbeeld in die verlede tyd is, word in die teenwoordige tyd oorgeskryf.)</p> <p>Die woordorde is foutief. Onthou die woordorde: TYD, WYSE, PLEK</p> <p>Ge- word voor die werkwoorde geplaas wat nie die voorvoegsel moet kry nie.</p>
VASLEGGING	<ul style="list-style-type: none"> • Onthou nou om jou reëls te leer. • Skryf eers sinnetjies neer wat 'n onderwerp en voorwerp het. Indien dit in die Bedrywende Vorm is, skryf dit in die Lydende Vorm. Onthou die onderwerp (subject) staan eerste as die sin in die Bedrywende Vorm geskryf is. • Lees Afrikaans nuusberigte of -artikels. Sinne word dikwels in die Lydende Vorm geskryf. <p>Voorbeeld uit Die Burger, 28 Maart 2020</p> <p>Geriewe soos braaiplekke en swembaddens word gesluit om te verhoed dat mense byeenkom. Hier word die geriewe beklemtoon om aan te dui hoe mense tydens die koronavirus-pandemie geraak is.</p>

BRONNE	Papierbronne	Digitale bronne
	<p>Raadpleeg die gedeelte oor die Lydende en Bedrywende Vorm in jou taalhandboek en doen die vasleggingsoefeninge.</p>	<p>Tik net Lydende en Bedrywende Vorm in by die Google-soekenjin (indien jy kan) en jy sal baie PowerPoint-aanbiedings, asook aanvullende notas oor lydende en bedrywende vorm kry.</p>